Indien dit gegee word by die aanbevole dosisse vir die akute pynbeheer, was die aanvang van analgesie 7 - 14 minute en het dit 'n piekeffek binne 2 uur bereik. Na 'n enkele dosis was die duur van die analgesie afhanklik van die dosis en kliniese pynmodel en het dit gewissel van 7 tot meer as 24 uur.

Gesamentlike gebruik met opioïed analgesie
Opioïed analgesie kan gelyktydig gebruik word met PERODYN 40 dosering soos beskryf in die paragraaf hierbo, vir post-operatiewe pynbeheer vir tot en met 48 uur. In 'n heupvervangingsoperasie-proef was die daaglikse vereistes vir 'n opioïed aansienlik verminder (20 – 40 %) wanneer dit saam met PERODYN 40 toegedien was. 'n Optimale effek word verkry wanneer PERODYN 40 aan die einde van die heupvervangingsoperasie gegee word, voor opioïed toediening. In alle kliniese assesserings was PERODYN 40 met 'n vaste tydsinterval toegedien (d.w.s., 12 uurliks), terwyl die opioïede toegedien was wanneer nodig (PRN-basis).

Spesiale populasies
Bejaardes
Dosisaanpassing by bejaardes is egter nie oor die algemeen nodig nie, alhoewel, vir ouer vroulike pasiënte wat minder as 50 kg weeg, moet behandeling geïnisieer word met die helfte van die gewone aanbevole dosis van PERODYN 40 en die maksimum daaglikse dosis tot 40 mg verminder word.

Hepatiese inkorting
Geen dosisaanpassing is oor die algemeen nodig by pasiënte met ligte hepatiese inkorting (Child-Pugh skaal 5 - 6) nie. Inisieer PERODYN 40 met omsigtigheid en teen die helfte van die gewone aanbevole dosis by pasiënte met matige hepatiese inkorting (Child-Pugh skaal 7 - 9) en verminder die maksimum daaglikse dosis tot 40 mg. Daar is geen kliniese ondervinding by pasiënte met ernstige hepatiese inkorting (Child-Pugh skaal > 9) nie; daarom word die gebruik daarvan nie aanbeveel by hierdie pasiënte nie (sien afdeling 4.3).

Renale inkorting
Op grond van farmakokinetika is geen dosisaanpassing nodig by pasiënte met ligte tot matige (kreatinienopruiming van 30 - 80 ml/min) renale inkorting nie. By pasiënte met ernstige (kreatinienopruiming < 30 ml/min) renale inkorting of pasiënte wat geneig is tot vloeistofretensie, moet PERODYN 40 nie gebruik word nie (sien afdeling 4.3).

Pediatriese populasie
PERODYN 40 is nie bestudeer by pasiënte jonger as 18 jaar nie. Dus, word die gebruik daarvan nie by hierdie pasiënte aanbeveel nie.

Metode van toediening
Die IV bolus-inspuiting kan vinnig en direk in 'n aar of in 'n bestaande IV-lyn gegee word. Die IM-inspuiting moet stadig en diep in die spier gegee word. Vir instruksies oor die hersamestelling van die medisinale produk voor toediening, sien afdeling 6.6.

Presipitasie kan voorkom wanneer PERODYN 40 in 'n oplossing met ander medisyne gekombineer word, en daarom moet PERODYN 40 nie met enige ander medisyne gemeng word nie, hetsy tydens hersamestelling of inspuiting. In daardie pasiënte waar dieselfde IV-lyn gebruik moet word om 'n ander medisinale produk in te spuit, moet die lyn voldoende gespoel word voor en na die tyd met 'n oplossing van bekende verenigbaarheid.

Na hersamestelling met aanvaarbare oplosmiddels, mag PERODYN 40 slegs IV of IM ingespuit word, of in IV-lyne met die volgende:
- Natriumchloried 9 mg/ml (0,9 %) oplossing vir inspuiting/infusie;
- Glukose 50 mg/ml (5 %) oplossing vir infusie;
- Natriumchloried 4,5 mg/ml (0,45 %) en glukose 50 mg/ml (5 %) oplossing vir inspuiting/infusie; of
- Ringer-Laktaatoplossing vir inspuiting.

Inspuiting in 'n IV-lyn van 50 mg/ml (5 %) glukose in Ringer-Laktaatoplossing vir inspuiting of ander IV-vloeistowwe wat nie hierbo gelys is nie, word nie aanbeveel nie, aangesien dit presipitasie van die oplossing kan veroorsaak.

Vir instruksies oor die hersamestelling van die medisinale produk voor toediening, sien afdeling 6.6.

4.3 Kontraïndikasies
- Hipersensitiwiteit vir parekoksib of vir enige van die hulpstowwe gelys in afdeling 6.1;
- Geskiedenis van vorige ernstige allergiese medisyne-reaksies van enige aard, veral kutane reaksies soos Stevens-Johnson-sindroom, medisyne-reaksie met eosinofilie en sistemiese simptoom sindroom (MRESS-sindroom), toksiese epidermale nekrolise, eriteem multiforme of pasiënte met 'n bekende hipersensitiwiteit vir sulfonamiede (sien afdelings 4.4 en 4.8);
- Aktiewe peptiese ulserasie of gastro-intestinale (GI) bloeding;
- Pasiënte wat brongospasma, akute rinitis, nasale poliepe, angioedeem, urtikarie of allergiese-tipe reaksies ervaar het na die inname van asetielsalisielsuur of NSAIMs of ander siklooksigenase-2 (SOK-2) spesifieke inhibeerders;
- Erge inperking van hepatiese funksie;
- Inflammatoriese dermsiekte;
- Erge renale inkorting;
- Post- en peri-operatiewe analgesie teen die agtergrond van koronêre arterie omleidingschirurgie (CABG);
- Gevestigde iskemiese hartsiektes en/of serebrovaskulêre siektes (beroerte) en perifere arteriële siekte
- Kongestiewe hartversaking (NYHA II-IV);
- Swangerskap en laktasie (sien afdeling 4.6);
- Kinders jonger as 18 jaar.

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik
PERODYN 40 mag predisponeer tot kardiovaskulêre insidente, serebrovaskulêre insidente, gastroïntestinale insidente of kutane reaksies, wat noodlottig kan wees.

Metodes van toediening
Metodes van toediening anders as IV of IM (bv., intra-artikulêr, intratekale) is nie bestudeer nie en moet nie gebruik word nie.

Kardiovaskulêre effekte
Dit wil voorkom asof daar 'n hoër risiko is vir kardiovaskulêre insidente en trombotiese newe-effekte met hoër dosisse en langer duur van die behandeling met PERODYN 40. Die presiese omvang van die risiko verbonde aan 'n enkele dosis is nie bepaal nie, en die presiese duur van die terapie word nie met verhoogde risiko geassosieer nie.

Twee afsonderlike studies in koronêre arterie omleidingschirurgie (CABG) het getoon dat pasiënte wat parekoksib ontvang het vir 'n minimum van 3 dae, gevolg deur valdekoksib (die aktiewe metaboliet van parekoksib) vir 7 - 14 dae, het 'n verhoogde voorkoms van kardiovaskulêre/trombo-emboliese insidente gehad (bv., miokardiale infarksie en serebrovaskulêre ongeluk) in vergelyking met diegene wat placebo ontvang het.

Sorg word aanbeveel wanneer PERODYN 40 voorgeskryf word aan pasiënte met kardiovaskulêre risikofaktore, bv., hipertensie, diabetes, rook en hipercholesterolemie.

Asetielsalisielsuur en ander NSAIMs
Vanweë die gebrek aan plaatjie-effekte, is PERODYN 40 nie 'n plaasvervanger vir aspirien vir kardiovaskulêre profilakse nie. Daarom moet anti-plaatjie terapie nie gestaak word nie (sien afdeling 5.1). Sorg word aanbeveel wanneer PERODYN 40 saam met warfarien en ander orale antikoagulante toegedien word (sien afdeling 4.5). Orale antikoagulante sluit in warfarien/kumarien-tipe en nuwe orale antikoagulante (bv., apiksabaan, dabigatran en rivaroksabaan) (sien afdeling 4.5). Die gesamentlike gebruik van PERODYN 40 met ander nie-asetielsalisielsuur NSAIMs moet vermy word.

PERODYN 40 kan koors en ander tekens van inflammasie masker (sien afdeling 5.1). In geïsoleerde gevalle is 'n verergering van sagteweefselinfeksies aangemeld in verband met die gebruik van NSAIMs en in nie-kliniese studies met parekoksib, soos bevat in PERODYN 40. Sorg word aanbeveel by die monitering van die insisie vir tekens van infeksie by chirurgiese pasiënte wat PERODYN 40 ontvang.

Gelyktydige gebruik van PERODYN 40 met ander antikoagulant-medisyne kan die risiko van intra- en post-operatiewe bloeding verhoog.

Vanweë die moontlikheid van verhoogde newe-effekte by hoër dosisse parekoksib, ander SOK-2 inhibeerders en NSAIMs, moet pasiënte wat met parekoksib behandel word nagesien word met dosisverhoging en, in die afwesigheid van 'n toename in effektiwiteit, moet ander terapeutiese opsies oorweeg word (sien afdeling 4.2).

PERODYN 40 mag lei tot die aanvang van nuwe hipertensie of verergering van voorafbestaande hipertensie, wat albei kan bydra tot die verhoogde voorkoms van kardiovaskulêre insidente. PERODYN 40 moet met omsigtigheid gebruik word by pasiënte met hipertensie. Bloeddruk moet noukeurig gemonitor word tydens die aanvang van die behandeling met PERODYN 40 en gedurende die verloop van die behandeling. Indien die bloeddruk aansienlik styg, moet alternatiewe behandeling oorweeg word.

Gastroïntestinale (GI) effekte
Boonste gastroïntestinale (GI) komplikasies (perforasies, ulkusse of bloeding [PUBs]), waarvan sommige 'n noodlottig uitkoms gehad het, het voorgekom by pasiënte wat met parekoksib behandel was. Sorg word aanbeveel met die behandeling van pasiënte met die grootste risiko om gastroïntestinale komplikasies met NSAIMs te ontwikkel; bejaardes of pasiënte met 'n vorige geskiedenis van gastroïntestinale siekte, soos ulserasie en GI bloeding of pasiënte wat gelyktydig asetielsalisielsuur gebruik. Die NSAIM-klas word ook geassosieer met verhoogde GI-komplikasies wanneer dit gesamentlik toegedien word met glukokortikoïede, selektiewe serotonien heropname-remmers, ander anti-plaatjie medisyne, ander NSAIMs of pasiënte wat alkohol inneem. Daar is 'n verdere toename in die risiko van gastro-intestinale newe-effekte (gastroïntestinale ulserasie of ander gastroïntestinale komplikasies) wanneer PERODYN 40 gelyktydig met asetielsalisielsuur (selfs in lae dosisse) gegee word.

Vel effekte
Ernstige velreaksies wat fataal kan wees, insluitend eksfoliatiewe dermatitis, Stevens-Johnson sindroom en toksiese epidermale nekrolise, kan voorkom wanneer PERODYN 40 gebruik word. PERODYN 40 moet gestaak word met die eerste voorkoms van veluitslag of enige ander teken van hipersensitiwiteit.

Toepaslike maatreëls moet geneem word deur mediese praktisyns om te monitor vir ernstige velreaksies met behandeling, bv. addisionele pasiëntkonsultasies. Pasiënte moet geadviseer word om onmiddellik enige veltoestand wat te voorskyn kom by hul dokter aan te meld.

Dit is bekend dat ernstige velreaksies voorkom met NSAIMs, insluitend selektiewe SOK-2 inhibeerders, sowel as ander medisinale produkte. Die gerapporteerde tempo van ernstige velreaksies blyk egter groter te wees vir valdekoksib (die aktiewe metaboliet van parekoksib) in vergelyking met ander selektiewe SOK-2 inhibeerders. Pasiënte met 'n geskiedenis van sulfonamiedallergie kan 'n groter risiko vir velreaksies hê (sien afdeling 4.3). Pasiënte sonder 'n geskiedenis van sulfonamiedallergie kan ook moontlik op risiko wees vir ernstige velreaksies.

Renale en hepatiese effekte
Akute nierversaking is gerapporteer deur na-bemarking waarneming by pasiënte wat parekoksib ontvang (sien afdeling 4.8). Aangesien prostaglandiensintese-inhibisie kan lei tot die verswakking van die renale funksie en vloeistofretensie, moet omsigtigheid toegepas word met die toediening van PERODYN 40 by pasiënte met verswakte renale funksie (sien afdeling 4.2) of hipertensie, of by pasiënte met 'n gekompromitteerde hart- of hepatiese funksie of ander toestande wat geneig is tot vloeistofretensie.

PERODYN 40 moet met omsigtigheid gebruik word by pasiënte met ernstige renale inkorting (kreatinienopruiming < 30 ml/min) of matige hepatiese inkorting (Child-Pugh skaal 7 - 9). Daar is geen kliniese ondervinding by pasiënte met ernstige hepatiese inkorting (Child-Pugh skaal > 9) nie, daarom word PERODYN 40 nie aanbeveel vir gebruik by hierdie pasiënte nie (sien ook afdelings 4.2 en 4.3). Sorg word aanbeveel met die inisiëring van behandeling met PERODYN 40 by pasiënte met enige vorm van dehidrasie. Dit is raadsaam om pasiënte eers te hidreer en dan behandeling met PERODYN 40 te begin.

Vloeistofretensie en edeem
Vanweë die inhibisie van prostaglandiensintese, kan vloeistofretensie en edeem voorkom by pasiënte wat PERODYN 40 ontvang; dus, moet PERODYN 40 nie gebruik word by pasiënte met 'n gekompromitteerde kardiale funksie en ander toestande wat predisponeer na, óf vererger kan word, deur vloeistof retensie, diegene wat diuretiese behandeling neem, of diegene wat andersins op risiko is vir hipovolemie. Pasiënte met bestaande kongestiewe hartversaking of hipertensie moet noukeurig gemonitor word (sien afdeling 4.3). Indien daar kliniese bewyse is van die verswakking in die toestand van hierdie pasiënte, moet toepaslike maatreëls, insluitend die staking van parekoksib, geneem word.

Sorg moet toegepas word met die inisiëring van behandeling met PERODYN 40 by pasiënte met dehidrasie. In hierdie geval is dit raadsaam om pasiënte eers te hidreer en dan behandeling met PERODYN 40 te begin.

Anafilakotoïede reaksies
Hipersensitiwiteitsreaksies soos anafilakse en angioedeem is aangemeld in na-bemarking waarneming met valdekoksib, en dit kan nie uitgesluit word vir parekoksib, soos bevat in PERODYN 40, nie. Sommige van hierdie reaksies het voorgekom by pasiënte met 'n geskiedenis van allergiese-tipe reaksies op sulfonamiede. PERODYN 40 moet gestaak word met die eerste teken van hipersensitiwiteit.

Gevalle van erge hipotensie kort na toediening van parekoksib is in na-bemarking waarneming aangemeld. Sommige van hierdie gevalle het voorgekom sonder ander tekens van anafilakse. Die geneesheer moet voorbereid wees om erge hipotensie te behandel.

Risiko vir Medisyne Reaksie met Eosinofilie en Sistemiese Simptome (MRESS)
Medisyne Reaksie met Eosinofilie en Sistemiese Simptome (MRESS) is aangemeld by pasiënte wat NSAIMs neem, soos PERODYN 40. Sommige van hierdie insidente was fataal of lewensgevaarlik. MRESS oor die algemeen, hoewel nie uitsluitlik nie, presenteer met koors, uitslag, limfadenopatie en/of gesigswelling. Ander kliniese manifestasies kan hepatitis, nefritis, hematologiese abnormaliteite, miokarditis of miositis insluit. Soms kan simptome van MRESS lyk soos 'n akute virusinfeksie. Eosinofilie is gereeld teenwoordig. Omdat hierdie afwyking wisselvallig is in aanbieding, kan ander orgaanstelsels wat nie hier genoem word nie, betrokke wees. Dit is belangrik om daarop te let dat vroeë manifestasies van hipersensitiwiteit, soos koors of limfadenopatie, kan voorkom, selfs al is daar nie 'n uitslag nie. As sulke tekens of simptome voorkom, staak PERODYN 40 en evalueer die pasiënt onmiddellik.

Kinders
PERODYN 40 is nie bestudeer by pasiënte jonger as 18 jaar nie. Dus, word die gebruik daarvan nie by hierdie pasiënte aanbeveel nie.

4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorms van interaksie
Algemeen
In vitro studies met menslike hepatiese mikrosomale stelsels het geen noemenswaardige inhiberende effekte op CYP3A4, 2D6, 2E1 en 1A2 isovorme deur parekoksib of valdekoksib getoon nie. Swak inhiberende aktiwiteit is gevind vir 2C9 en 2C19 isosieme. PERODYN 40 word vinnig gehidroliseer tot die aktiewe stof valdekoksib. By mense het studies getoon dat valdekoksib metabolisme hoofsaaklik bemiddel word via sitochroom P450 CYP3A4 en 2C9 isosieme. Glukuronidasie is 'n verdere roete van metabolisme. Die alternatiewe CYP-gemedieerde en nie-CYP-gemedieerde metaboliese weë kan die waarskynlikheid verminder dat individue met genetiese polimorfismes aansienlik hoër plasmakonsentrasies het as gevolg van verswakte metabolisme.

Aspirien
Parekoksib het geen effek op aspirien-gemedieerde inhibisie van plaatjie-aggregasie of bloedingstye by vrywilligers gehad nie. Kliniese proewe dui aan dat parekoksib gegee kan word met 'n lae dosis aspirien (≤ 325 mg). Vanweë die gebrek aan plaatjie-effekte, is PERODYN 40 nie 'n plaasvervanger vir aspirien vir kardiovaskulêre profilakse nie. Daar is geen bewyse dat gelyktydige gebruik van aspirien die verhoogde risiko vir ernstige kardiovaskulêre trombotiese insidente wat verband hou met PERODYN 40 verminder nie.

AOE-inhibeerders
Inhibisie van PERODYN 40 kan die anti-hipertensiewe effek van angiotensienomskakelende ensiem (AOE)-inhibeerders verminder. Hierdie interaksie moet in ag geneem word by pasiënte wat PERODYN 40 ontvang, tesame met AOE-inhibeerders.

Siklosporien of takrolimus
Gesamentlike toediening van PERODYN 40 en siklosporien of takrolimus kan die nefrotoksiese effek van siklosporien en takrolimus verhoog. Renale funksie moet gemonitor word wanneer PERODYN 40 en enige van hierdie medisyne saam toegedien word.

Diuretika
PERODYN 40 kan die natriuretiese effek van furosemied en tiasiede verminder deur die inhibisie van renale prostaglandiensintese.

Flukonasool en ketokonasool
Plasma-blootstelling (AOK en K_{maks}) aan valdekoksib is verhoog (onderskeidelik 62 % en 19 %) wanneer dit saam met flukonasool toegedien word, wat daarop dui dat die dosis PERODYN 40 verminder moet word by pasiënte wat flukonasool-terapie ontvang. Plasma-blootstelling (AOK en K_{maks}) aan valdekoksib is verhoog (onderskeidelik 38 % en 24 %) wanneer dit saam met ketokonasool toegedien word; 'n dosisaanpassing is egter meestal nie nodig vir pasiënte wat ketokonasool ontvang nie.

Litium
PERODYN 40 kan aansienlike afname in litiumserumopruiming (25 %) en renale opruiming (30 %) veroorsaak met 'n 34 % hoër blootstelling aan serum in vergelyking met litium alleen. Litiumserumkonsentrasie moet noukeurig gemonitor word wanneer PERODYN 40-terapie geïnisieer of verander word by pasiënte wat litium ontvang.

Warfarien of soortgelyke medisyne
Antikoagulanteterapie moet gemonitor word, veral gedurende die eerste paar dae na die inisiasie van PERODYN 40 terapie by pasiënte wat warfarien of soortgelyke medisyne ontvang, aangesien hierdie pasiënte 'n groter risiko vir bloedings komplikasies het (sien afdeling 4.4).

Dekstrometorfaan en medisinale produkte wat hoofsaaklik deur CYP2D6 gemetaboliseer word
Behandeling met valdekoksib (40 mg twee maal per dag vir 7 dae) het 'n 3-voudige toename in plasmakonsentrasies van dekstrometorfaan (CYP2D6-substraat) veroorsaak. Dus, moet sorg uitgeoefen word met die gesamentlike toediening van parekoksib, soos bevat in PERODYN 40 en medisinale produkte wat hoofsaaklik deur CYP2D6 gemetaboliseer word en wat noue terapeutiese grense het (bv., flekainied, propafenoon, metoprolol).

Glibenklamied
Gesamentlike toediening van parekoksib, soos bevat in PERODYN 40 met glibenklamied (CYP3A4 substraat), het nie die farmakokinetika (blootstelling) of die farmakodinamika (bloedglukose en insulienvlakke) van glibenklamied beïnvloed nie.

Substrate van CYP2C19
Plasma blootstelling van omeprasool (CYP2C19 substraat) 40 mg een maal per dag was met 46 % verhoog na toediening van valdekoksib 40 mg twee maal per dag vir 7 dae, terwyl die plasma blootstelling aan valdekoksib nie beïnvloed was nie. Hierdie resultate dui daarop dat, hoewel valdekoksib nie deur CYP2C19 gemetaboliseer word nie, dit 'n inhibeerder van hierdie iso-ensiem kan wees. Dus, moet sorg toegepas word wanneer PERODYN 40 toegedien word met medisinale produkte wat bekend is om substrate van CYP2C19 te wees (bv., fenitoïen, diasepaam of imipramien).

Metotreksaat
By rumatoïede artritis pasiënte wat weekliks metotreksaat ontvang, het PERODYN 40 geen klinies beduidende effek op die plasma-blootstelling aan metotreksaat gehad nie.

Inspuitbare anestetika
Gesamentlike toediening van PERODYN 40 met propofol (CYP2C9 substraat) of midasolam (CYP3A4-substraat) het nie die farmakokinetika (metabolisme en blootstelling) of die farmakodinamika van IV propofol of IV midasolam beïnvloed nie. Daarbenewens het die gesamentlike toediening van PERODYN 40 geen noemenswaardige effek op die farmakokinetika van IV fentaniel óf IV alfentaniel (CYP3A4-substraat) nie.

Inhalasie anestetika
In 'n post-ortopediese studie was parenterale parekoksib pre-operatief toegedien en geen bewyse van medisyne-interaksie was waargeneem by pasiënte wat parenterale parekoksib en die inhalasie anestetiese middels, stikstofoksied en isofluraan ontvang het nie.

4.6 Vrugbaarheid, swangerskap en laktasie
Die gebruik van PERODYN 40 is gekontraïndikeerd tydens swangerskap en laktasie (sien afdeling 4.3).

Swangerskap
Gereelde gebruik van nie-steroïdale inflammatoriese middels kan lei tot:
Eerste trimester
Inhibisie van prostaglandien sintese kan swangerskap en/of die embrio/fetus ontwikkeling nadelig beïnvloed. Data vanuit epidemiologiese studies wek kommer oor 'n verhoogde risiko van miskraam en kardiale afwyking en gastroskise na die gebruik van 'n prostaglandien sintese inhibeerder in die vroeë swangerskap. Die absolute risiko vir kardiovaskulêre misvorming het toegeneem van minder as 1 % tot ongeveer 1,5 %. In diere, is getoon dat toediening van 'n prostaglandien sintese inhibeerder verhoogde voor- en na-inplantingsverlies en embrio-fetale sterftes tot gevolg het. Daarbenewens is verhoogde voorvalle van verskillende misvormings, insluitend kardiovaskulêre, gerapporteer by diere wat gedurende die organogenetiese periode 'n prostaglandien sintese inhibeerder gekry het.
Twede en derde trimester
Gedurende die derde trimester van swangerskap kan prostaglandien sintese inhibeerders die fetus blootstel aan: kardiopulmonêre toksisiteit (met premature sluiting van die ductus arteriosus en pulmonale hipertensie); renale disfunksie, wat kan lei tot nierversaking met oligo-hidroamniose. Aan die einde van die swangerskap kan die moeder en die neonaat moontlik blootgestel word aan moontlike verlenging van bloedingstyd, 'n teenaggregerende effek wat selfs by baie lae dosisse kan voorkom; inhibering van uteriene kontraksies wat lei tot vertraagde of verlengde parturisie.

Borsvoeding
Toediening van 'n enkele dosis parekoksib aan lakterende vroue na keisersnee het gelei tot die oordrag van 'n relatiewe klein hoeveelheid parekoksib en die aktiewe metaboliet valdekoksib in menslike melk, en dit het gelei tot 'n lae relatiewe dosis vir die baba. PERODYN 40 moet nie toegedien word aan vroue wat borsvoed nie (sien afdeling 4.3).

Vrugbaarheid
Die gebruik van parekoksib inhibeer siklo-oksigenase/prostaglandiensintese en word nie aanbeveel by vroue wat probeer swanger word nie. Op grond van die werkingsmeganisme, kan die gebruik van NSAIDs die skeuring van die ovariale follikels vertraag of verhoed, wat geassosieer word met omkeerbare onvrugbaarheid by vroue.

4.7 Uitwerking op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik
Duiseligheid kan voorkom tydens die gebruik van PERODYN 40 en moet oorweeg word voordat pasiënte bestuur of masjiene gebruik.

4.8 Newe-effekte
a. **Getabuleerde opsomming van newe-effekte**
Sisteem-orgaanklas
Frekwensie
Nadelige effekte
Infeksies en infestasies
Gereeld
Faringitis, alveolêre osteïtis (alveolalgie)

Minder gereeld
Abnormale sternale erge wond dreinering, wondinfeksie
Bloed- en Limfatiese Sisteemversteurings
Gereeld
Post-operatiewe anemie

Minder gereeld
Trombositopenie
Immuunstelselversteurings
Minder gereeld
Anafilakotoïede reaksie, Medisyne Reaksie met Eosinofilie en Sistemiese Simptome (MRESS) (sien afdeling 4.4)
Metabolisme- en voedingsversteurings
Gereeld
Hipokalemie

Minder gereeld
Hiperglisemie, anoreksie
Psigiatriese versteurings
Gereeld
Agitasie, insomnie
Senusisteemversteurings
Gereeld
Hipo-estesie, duiseligheid

Minder gereeld
Serebrovaskulêre afwyking, droë mond
Oor- en doolhofversteurings
Minder gereeld
Oorpyn
Kardiale versteurings
Minder gereeld
Bradikardie, perifere edeem, verergerde hipertensie, disritmie, hipertensie, palpitasies, tagikardie, kongestiewe hartversaking, miokardiale infarksie, kardiovaskulêre trombotiese insidente

Frekwensie onbekend
Sirkulatoriese ineenstorting

Neurologiese versteurings
Minder gereeld
Serebrovaskulêre insidente (beroertes)
Vaskulêre versteurings
Gereeld
Hipotensie; hipertensie

Minder gereeld
Hipertensie (verergerd), ortostaties
Respiratories-, torakale- en mediastinale versteurings
Gereeld
Respiratoriese ontoereikendheid

Minder gereeld
Pulmonêre embolisme

Frekwensie onbekend
Dispnee, brongospasma
Gastroïntestinale versteurings
Gereeld
Dispepsie, winderigheid, konstipasie, naarheid, braking, abdominale pyn

Minder gereeld
Gastro-duodenale ulserasie, gastroesofageale reflukssiekte, droë mond, abnormale gastroïntestinale geluide, pankreatitis, esofagitis, mond edeem (peri-orale swelling)
Vel- en Onderhuidse weefselversteurings
Gereeld
Pruritus, verhoogde sweet

Minder gereeld
Eggimose, uitslag, post-operatiewe vel komplikasies, urtikarie

Frekwensie onbekend
Stevens-Johnson sindroom, eriteem multiforme, eksfoliatiewe dermatitis, toksiese epidermale nekrolise
Muskuloskeletale bindweefselversteurings
Gereeld
Rugpyn

Minder gereeld
Artralgie
Nier- en urienweg afwykings
Gereeld
Oligurie

Minder gereeld
Akute renale versaking

Frekwensie onbekend
Renale versaking
Algemene siektes en toedieningsarea toestande
Gereeld
Perifere edeem

Minder gereeld
Astenie, pyn op die inspuitplek, reaksie op die inspuitplek

Frekwensie onbekend
Hipersensitiwiteit reaksies insluitend anafilakse en angioedeem
Ondersoeke
Gereeld
Verhoogde bloed kreatien

Minder gereeld
Verhoogde AST, verhoogde ALT, verhoogde bloed ureum, verhoogde bloed KFK, verhoogde bloed LDH, verhoogde SGOT, verhoogde SGPT, verhoogde BUN

b. **Na-bemarkingservaring**
In na-bemarkingservaring, kan die volgende ernstige nadelige effekte voorkom in assosiasie met die gebruik van PERODYN 40:
Eriteem multiforme, Stevens-Johnson sindroom, toksiese epidermale nekrolise, renale versaking, akute renale versaking en hipersensitiwiteitsreaksies, insluitend anafilakse en angioedeem. Gastroïntestinale afwykings sluit in naarheid en braking.

c. **Pediatriese populasies**
Die gebruik van PERODYN 40 word nie aanbeveel vir kinders jonger as 18 jaar nie.

d. **Rapportering van vermoedelike newe-effekte**
Dit is belangrik om vermoedelike newe-effekte wat waargeneem word nadat die medisyne goedgekeur is, te rapporteer. Dit laat volgehoue observering van die voordeel/risiko-balans van die medisyne toe. Gesondheidsorgverskaffers word versoek om enige vermoedelike newe-effekte aan SAHPRA te rapporteer via die "**6.04 Adverse Drug Reactions Reporting Form**", wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gevind kan word:
https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

4.9 Oordosering
Geen simptome van oordosering was waargeneem met enkele IV doserings van soveel as 200 mg PERODYN 40 inspuiting by gesonde persone nie. PERODYN 40 inspuitingsdosisse van 50 mg BID IV vir 7 dae het geen tekens van toksisiteit tot gevolg gehad nie.
In geval van oordosering, moet pasiënte bestuur word met simptomatiese en ondersteunende sorg.

5 FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE
5.1 Farmakodinamiese eienskappe
A 2.9 Ander Analgetika

Parekoksibnatrium is 'n onaktiewe progeneesmiddel vir valdekoksib. Na inspuiting word parekoksib vinnig gehidroliseer na valdekoksib, wat aktief is in dieremodelle van prostaglandien-afhanklike pyn, inflammasie en koors. Die werkingsmeganisme van valdekoksib is hoofsaaklik deur die inhibisie van SOK-2-gemedieerde prostaglandiensintese. By terapeutiese dosisse is valdekoksib 'n spesifieke SOK-2 inhibeerder en inhibeer dit nie SOK-1 nie. In dieremodelle is die pynstillende aktiwiteit van valdekoksib nie omkeerbaar deur naloksoon nie.

5.2 Farmakokinetiese eienskappe
Na IV of IM inspuiting word parekoksib vinnig omgeskakel na valdekoksib, die farmakologiese komponent, deur ensiematiese hidrolise in die lewer.

Absorpsie
Blootstelling van valdekoksib na enkele dosisse parekoksib inspuiting, gemeet aan beide die area onder die plasmakonsentrasie teenoor tydkurwe (AOK) en piek konsentrasie (K_{maks}) is ongeveer lineêr in die kliniese dosisreeks. AOK en K_{maks} na twee maal per dag (BID) toediening van valdekoksib is lineêr tot 50 mg IV en 20 mg IM. Die gelykvlak plasmakonsentrasies van valdekoksib word binne vier dae met BID-dosering bereik. Na enkele IV en IM dosisse van parekoksibnatrium 20 mg, word K_{maks} van valdekoksib onderskeidelik ongeveer 30 minute en ongeveer 1 uur bereik. Blootstelling aan valdekoksib is soortgelyk in terme van AOK en K_{maks} na IV en IM toediening.

Verspreiding
Die volume van distribusie van valdekoksib na die IV toediening is ongeveer 55 L (groter as totale liggaamswater). Plasmaproteïenbinding is ongeveer 98 % oor die konsentrasie reikwydte wat bereik word met die hoogste aanbevole dosis, 80 mg/dag. Valdekoksib, maar nie parekoksib nie, word breedvoerig in eritrosiete verdeel.

Metabolisme
Parekoksib word vinnig en byna volledig omgeskakel na valdekoksib *in vivo* met 'n plasma-halfleeftyd van ongeveer 22 minute. Die eliminasie van valdekoksib is deur ekstensiewe hepatiese metabolisme wat veelvuldige weë insluit, insluitend sitochroom P450 CYP3A4 en CYP2C9 isoënsieme en CYP-onafhanklike glukuronidasie van die sulfonamiedgroep. 'n Gehidroksileerde metaboliet van valdekoksib (via die CYP-weg) is geïdentifiseer in menslike plasma wat aktief is as 'n SOK-2 inhibeerder. Dit verteenwoordig ongeveer 10 % van die konsentrasie van valdekoksib; maar as gevolg van die lae konsentrasie van hierdie metaboliet, word daar nie verwag dat dit 'n beduidende kliniese effek sal lewer na toediening van terapeutiese dosisse parekoksibnatrium nie. Die valdekoksib metaboliet ondergaan uitgebreide metabolisme, met minder as 5 % van die dosis wat in urine en feses uitgeskei word.

Eliminasie
Valdekoksib word uitgeskei deur middel van hepatiese metabolisme met minder as 5 % onveranderde medisyne wat in die urine teruggewin word. Geen onveranderde parekoksib word in urine opgespoor nie en slegs spoorhoeveelhede in die feses. Ongeveer 70 % van die dosis word in die urine as onaktiewe metaboliete uitgeskei. Plasmaopruiming (CLp) vir valdekoksib is ongeveer 6 L/uur. Na IV of IM dosering van parekoksibnatrium is die eliminasiehalfleeftyd ($t_{1/2}$) van valdekoksib ongeveer 8 uur.

Bejaardes
By gesonde bejaarde proefpersone, was die oënskynlike orale klaring van valdekoksib verlaag, wat gelei het tot 'n ongeveer 40 % hoër plasma-blootstelling van valdekoksib in vergelyking met gesonde jong proefpersone. Waar dit aangepas was vir liggaamsgewig, was die gelykvlak plasma blootstelling 16 % hoër by bejaarde vrouens in vergelyking met bejaarde mans.

Renale inkorting
By pasiënte met verskillende grade van renale inkorting, waar 20 mg IV parekoksib inspuiting as 'n enkele dosis toegedien was, was parekoksib vinnig uit die plasma opgeruim. Aangesien renale eliminasie van valdekoksib nie belangrik is vir die disposisie daarvan nie, was daar geen veranderinge in die opruiming van valdekoksib gevind nie, selfs nie by pasiënte met renale inkorting nie. Dosisse van meer as 20 mg was nie in renale inkorting bestudeer nie. Dus, op grond van farmakokinetika, is dosisaanpassing nie nodig by pasiënte met ligte tot matige renale inkorting nie.

Hepatiese inkorting
Matige hepatiese inkorting het nie gelei tot 'n daling in tempo óf omvang van parekoksib omskakeling na valdekoksib nie. By pasiënte met matige hepatiese inkorting (Child-Pugh skaal 7 - 9), moet die behandeling geïnisieer word met die helfte van die gewone aanbevole dosis parekoksib inspuiting en die maksimum daaglikse dosis moet verminder word tot 40 mg, aangesien valdekoksib blootstelling meer as verdubbel was (130 %) in hierdie pasiënte. Pasiënte met erge hepatiese inkorting was nie bestudeer nie en die gebruik van parekoksib inspuiting by pasiënte met erge hepatiese inkorting word dus nie aanbeveel nie.

6 FARMSEUTIESE BESONDERHEDE
6.1 Lys van hulpstowwe
Dinatriumfosfaat (anhedries)
Fosforsuur en/of natriumhidroksied (vir pH-aanpassing)

6.2 Onverenigbaarheid
PERODYN 40 mag nie met ander medisyne gemeng word nie, behalwe vir dié wat in afdeling 6.6 genoem word.

PERODYN 40 en opioïede moet nie saam toegedien word in dieselfde inspuiting nie.

Die gebruik van Ringer-Laktaatoplossing vir inspuiting of glukose 50 mg/ml (5 %) in Ringer-Laktaatoplossing vir inspuiting vir hersamestelling sal veroorsaak dat die parekoksib uit die oplossing presipiteer en daarom word dit nie aanbeveel nie.

Die gebruik van water vir inspuiting word nie aanbeveel nie, aangesien die resulterende oplossing nie isotonies is nie.

PERODYN 40 moet nie in 'n IV-lyn ingespuit word wat enige ander medisyne lewer nie. Die IV-lyn moet voldoende gespoel word voor en na die tyd met 'n oplossing van bekende verenigbaarheid (sien afdeling 6.6).

Om in 'n IV-lyn wat 50 mg/ml (5 %) glukose in Ringer-Laktaatoplossing vir inspuiting lewer óf ander IV-vloeistowwe wat nie in afdeling 6.6 gelys is nie, in te spuit word nie aanbeveel nie, aangesien dit presipitasie in die oplossing kan veroorsaak.

PERODYN 40 mag nie met ander medisyne gemeng word nie, behalwe dié wat in afdeling 6.6 genoem word.

6.3 Rakleeftyd
Onoopgemaakte flessie
3 jaar.

Na hersamestelling
Chemiese en fisiese stabiliteit tydens gebruik van die gerekonstitueerde oplossing, wat nie verkoel of gevries moet word nie, is gedemonstreer vir tot en met 24 uur by 25 °C. Dus, 24 uur moet beskou word as die maksimum rakleeftyd van die gerekonstitueerde produk. Alhoewel, vanweë die belangrikheid van mikrobiologiese infeksierisiko vir inspuitbare produkte, moet die gerekonstitueerde oplossing onmiddellik gebruik word, tensy hersamestelling plaasgevind het in gekontroleerde en gevalideerde aseptiese toestande. Tensy daar aan sulke vereistes voldoen word, is die in-bergings tye en toestande voor gebruik die verantwoordelikheid van die verbruiker en sal dit normaalweg nie langer as 12 uur by 25 °C wees nie.

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls tydens berging
Stoor die ongeopende flessie by of benede 25 °C in die oorspronklike houer. Vir bergingstoestande tydens hersamestelling, sien afdeling 6.3.

6.5 Aard en inhoud van die houer
Tipe I helder, kleurlose glasflessies (5 ml) met 'n bedekte butielrubberprop, verseël met 'n blou afwip-deksel op die aluminiumseël. PERODYN 40 is beskikbaar in pakke wat elk 10 flessies bevat.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir wegdoen en ander hantering
PERODYN 40 moet hersaamgestel word voor gebruik. PERODYN 40 is vry van preserveermiddel. Aseptiese tegniek is nodig vir die voorbereiding daarvan.

Oplosmiddels
Aanvaarbare oplosmiddels vir PERODYN 40 is:
- Natriumchloried 9 mg/ml (0,9%) oplossing vir inspuiting/infusie;
- Glukose 50 mg/ml (5 %) oplossing vir infusie;
- Natriumchloried 4,5 mg / ml (0,45 %) en glukose 50 mg / ml (5 %) oplossing vir inspuiting/infusie.

Hersamestelling proses
Gebruik aseptiese tegnieke om gevriesdroogde parekoksib (as parekoksib) te rekonstrueer. Verwyder die blou afwip-deksel om die sentrale gedeelte van die rubberprop van die 40 mg parekoksib-flessie bloot te stel. Onttrek, met 'n steriele naald en spuit, 2 ml van 'n aanvaarbare oplosmiddel, plaas die naald deur die sentrale gedeelte van die rubberprop en plaas die oplosmiddel oor in die 40 mg-flessie. Los die poeier volledig op met behulp van 'n sagte draaibeweging en inspekteer die gerekonstitueerde produk voor gebruik. Die volledige inhoud van die flessie moet vir 'n enkele toediening onttrek word.

Na hersamestelling moet die vloeistof 'n helder oplossing wees. PERODYN 40 moet visueel geïnspekteer word vir deeltjies en verkleuring voor toediening. Die oplossing moet nie gebruik word as dit verkleur of troebel is, of as deeltjies sigbaar is nie. PERODYN 40 moet binne 24 uur na hersamestelling toegedien word (sien afdeling 6.3) of weggegooi word.

Die hersaamgestelde produk is isotonies.

IV-lyn oplossing verenigbaarheid
Na hersamestelling met aanvaarbare oplosmiddels, mag PERODYN 40 slegs IV of IM ingespuit word, of in IV-lyne met:
- Natriumchloried 9 mg/ml (0,9 %) oplossing vir inspuiting/infusie;
- Glukose 50 mg/ml (5 %) oplossing vir infusie;
- Natriumchloried 4,5 mg/ml (0,45 %) en glukose 50 mg/ml (5 %) oplossing vir inspuiting/infusie; of
- Ringer-Laktaatoplossing vir inspuiting.

Slegs vir eenmalige gebruik. Enige ongebruikte medisyne of afvalmateriaal moet weggedoen word volgens die plaaslike vereistes.

7 HOUER VAN REGISTRASIESERTIFIKAAT
Trinity Pharma (Pty) Ltd.
106 16th Weg
Midrand
Suid-Afrika
1686

8 REGISTRASIENOMMER(S)
52/2.9/0951

9 DATUM VAN EERSTE MAGTIGING / HERNUWING VAN DIE MAGTIGING
Maart 2022

10 DATE OF REVISION OF THE TEXT
N.A.